

SANTAM LANDBOU NASIONALE KUILVOERKOMPETISIE 2022

Aangebied deur Veeplaas en Stockfarm - 'n Produk van Plaas Media



Santam Landbou in samewerking met Veeplaas en Stockfarm

Nooi jou uit om deel te neem aan die 2022 Santam Landbou Nasionale Kuilvoercompetisie.

Protokol

- Die protokol wat gevolg word bou voort op die bestaande protokol en word deur Plaas Media bestuur, onder beskerming van prof Robin Meeske, Suid-Afrika se voorste kuilvoerkenners van die Outeniqua Navorsingstasie, met die hulp van Richardt Venter.
- Plaas Media bemark hierdie kompetisie deur middel van sy tydskrifte, *Veeplaas* en *Stockfarm*, sy YouTube-kanaal, *Plaas TV/Farm TV*, sy radioprogram, *RSG Landbou*, sy webwerf, www.agriorbit.com, en sy sosiale media-blaaie.
- Monsterneming en ontledings word uitgevoer deur studente van verskeie universiteite wat formele opleiding van die kompetisiekoördineerder ontvang het.

Wie kan hul kliënte inskryf?

- Saadmaatskappye wat kuilvoerkultivars verskaf.
- Masjineriemaatskappye wat kuilvoertoerusting vervaardig/bemark.
- Maatskappye wat plastiekbedekking verskaf.
- Maatskappye wat bakteriële inokulante of preserveermiddels verskaf.
- Kuilvoerkontraakteurs.
- Voermaatskappye en konsultante betrokke by die optimale benutting van kuilvoer in rantsoene.
- Enige ander kuilvoerolespeler.

Kompetisiebeginsels en -reëls

- Die kompetisie word 100% wetenskaplik aangebied met 'n protokol wat internasionaal aanvaarbaar en gepubliseer is. Verwysing: Meeske, R. & Venter, R. 2018. *Maize silage in South Africa: Composition, compaction, top layer losses and aerobic stability*. In: *Proceedings of the 18th International Silage Conference*.
- Die kompetisie is kommersieel georiënteerd en relevant vir alle produsente en bedryfsrolespelers.
- Die protokol streef daarna om 'n wenner te lewer wat holisties ten opsigte van sy/haar kuilvoer presteer.
- Die kompetisie is inklusief en alle rolespelers word verwelkom en geakkommodeer.
- Kategorie D (kuilvoerbale) is 'n voortsetting van die 2020/21-toetskategorie vir kuilvoerbale. Die 2022-inskrywings sal formele uitslae en 'n kuilvoeronledingsverslag ontvang.



INSKRYWINGS

Maatskappy-inskrywings

- Die betrokke maatskappy moet sy eie aanvanklike sifting doen om te verseker dat hulle die beste deelnemers inskryf. Maatskappye kan ook die wenners van hul eie interne kompetisies gebruik om inskrywings te nomineer.
- Insrywings kan in vier kategorieë geskied:
 - **Kategorie A:** Individuele (privaat/onafhanklike) inskrywings: Produsente kan hulself inskryf, in welke geval 'n minimum aantal inskrywings nie van toepassing is nie.
 - **Kategorie B:** Maatskappy-inskrywings van een tot vyf kliënte (1-5 bunkers).
 - **Kategorie C:** Maatskappy-inskrywings van ses of meer kliënte (6+ bunkers).
 - **Kategorie D:** Kuilvoerbaal-toetskategorie (dieselfde aantal inskrywings geld vir privaat- en maatskappy-inskrywings soos hierbo uiteengesit).

Maatskappye wat tien of meer kliënte/bunkers/sakke/bale inskryf, sal na afloop van die kompetisie 'n gratis Zoom-sessie kan bywoon, waartydens hul kuilvoeronledingsverslae bespreek sal word. Hierdie sessies sal deur Richardt Venter van AgSci Unlimited gefasiliteer word.

BELANGRIK: Elke bunker/sak/baal moet as 'n enkele inskrywing ingedien word. Indien deelnemers meer as een bunker wil inskryf, moet elke bunker as 'n afsonderlike inskrywing geregistreer word. As gevolg van logistieke uitdagings, kan slegs een maatskappy 'n bunker of gewas op 'n spesifieke plaas inskryf. 'n Ander maatskappy mag egter silosakke of ander gewasse van daardie betrokke plaas inskryf, indien 'n ander maatskappy dit nie reeds gedoen het nie.

Bv. Maatskappy A skryf 'n mieliebunker van Plaas A in. Maatskappy B mag dan mieliesillosakke van Plaas A inskryf, maar nie 'n ander mieliebunker van dieselfde plaas nie. Maatskappy B mag egter 'n sorghumbunker van Plaas A inskryf.

KOMPETISIE-AFDELINGS

Die kompetisie word in drie afdelings aangebied:

Wintergraankuilvoer

- Kleingrane.

Somergaankuilvoer

- Mieliekuilvoer.
- Voersorghumkuilvoer.

Kuilvoerbale (toetskategorie)

- Gewasse soos vir winter- en somergaankuilvoer.

Die organiseerders behou die reg om enige van die kategorieë te kanselleer indien minder as vyf inskrywings per kategorie ontvang word, of om inskrywings wat die monsternemingskapasiteit van die kompetisie oorskry, te kanselleer.

Daar word nie 'n oop kategorie gebied nie, maar sou enige voornemende deelnemer 'n ander gewas wou inskryf wat nie in die bestaande kategorieë geakkommodeer kan word nie, kontak ons gerus by deidre@plaasmedia.co.za.

Alle inskrywings of navrae kan aan Deidré Louw gerig word by 066 231 2430 of deidre@plaasmedia.co.za.

Monsterneming en ontledings

Studente van verskillende universiteite in samewerking met die kompetisiekoördineerder, hanteer die monsterneming op plase. Nagraadse veekundestudente word opgelei om monsters by deelnemers te neem en 'n eerste-rondte evaluering op die perseel van die betrokke kuilvoer te doen.

Hierdie proses geskied streng volgens die protokol.

- Die monsters word ingevolge die protokol saamgestel, hanteer, vervoer en geberg, en na 'n sentrale laboratorium geneem vir 'n basiese ontleding wat aansluit by en gebruik word vir die finale berekening van die plaasbesoek.
- Daarna word die monsters na 'n onafhanklike laboratorium gestuur vir spesifieke ontleding. Hierdie resultate dien as die tweede-rondte evaluasie.
- Die resultate van die monsters word dan na die protokolkomitee teruggestuur en finaliste aangewys op grond van die protokol, ontledingsresultate en evaluasie tydens bemonstering.
- Die beoordelaars kan die finaliste op die plaas besoek, sou daar 'n noodigheid/behoefte hiervoor geïdentifiseer word.
- Deelnemende maatskappye is welkom om voorstelle rakende die bestaande monsternemingsprotokol na deidre@plaasmedia.co.za te stuur. Voorstelle moet nie later nie as 28 Februarie 2022 ingedien word. Hierdie voorstelle sal deur prof Robin Meeske hersien word, en voorstelle met meriete kan oorweeg word vir insluiting in die formele kompetisieprotokol.

SLUITINGSDATUMS VIR INSKRYWINGS

Inskrywings vir wintergewasse (kleingrane – hawer): 31 Maart 2022.

Inskrywings vir somergewasse (mielies en sorghum): 13 Mei 2022.

Inskrywings vir kuilvoerbale (alle gewasse): Sluitingsdatums vir verskillende gewasse soos hierbo uiteengesit.

INSKRYWINGSVORMS IS OP AANVRAAG BESKIKBAAR.

TOEKENNINGSGELEENTHEID EN MINI-KONFERENSIE

Sal mettertyd aangekondig word.

INSKRYWINGSFOOIE (BTW uitg.)	INGESLUIT
KATEGORIE A: ONAFHANKLIKE INSKRYWINGS	
R3 990 per bunker	Inskrywing sal 'n volledige kuilvoerontleding ontvang.
KATEGORIE B: MAATSKAPPY-INSKRYWINGS (1-5)	
1 tot 5 plase teen R3 990 per bunker	<ul style="list-style-type: none">• Maatskappy sal blootstelling op <i>RSG Landbou</i> geniet (maatskappy moet aandui of hulle hierdie voordeel wil gebruik).• Maatskappy sal afslag op advertensiebesprekings in die Desember 2022 <i>Veeplaas</i>-kuilvoerbylae geniet.• Maatskappy sal erkenning kry op Plaas Media se mediaplatforms.• Elke inskrywing sal 'n volledige kuilvoerontledingsverslag ontvang.
KATEGORIE C: MAATSKAPPY-INSKRYWINGS (6 en meer)	
6 tot 10 plase teen R3 791 per bunker	Maatskappyvoordele soos uiteengesit vir Kategorie B.
CATEGORY D: SILAGE BALES TEST CATEGORY	
Entry fees as for 1 to 5 and 6 to 10 entries above.	Maatskappyvoordele soos uiteengesit vir Kategorie B.

Prysborge:

